NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

blitspos

Jaargang 14 – Uitgawe 38

21 Oktober 2021

Die Kerk het onervarenheid nodig...

Teken in om 'n skakel na blitspos te ontvang

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

'n Jong predikant wat vir 'n paar jaar in 'n plattelandse gemeente gedien het en daarna in 'n stadsgemeente werk, leer in 'n baie kort tyd soveel van die gemeentelewe en koester daardie lewenskatte. Ek deel graag my ervarings.

Vroeg reeds het ek besef dat 'n jong predikant se tekort aan ervaring nie 'n swakpunt is nie, maar 'n geleentheid om aan te gryp. Bevrydend om tot die besef te kom dat al die gesoute susters en broers wat leierskapposisies beklee, in 'n stadium ook onseker was. Bevrydend om 'n leersame gesindheid te openbaar, want gereeld gebeur dit dan dat die ervare persone hul ervarings met jou deel, en dít tot opbou van die Kerk. En soos die band van wedersydse vertroue en respek al hegter word, gebeur spontaan die kosbare dat die jong predikant selfs toegelaat word om soms foute te begaan, want daar bestaan 'n oop ruimte vir hierdie groei binne die kreatiewe spanning tussen vryheid en onervarenheid waar gemeentelede mekaar se gesindheid van die hart ken.

As jong predikant leer 'n mens vinnig hoe belangrik aanpasbaarheid is – nie bloot aanpasbaarheid in verskillende gemeentelike kontekste nie, maar ook ten opsigte van uiteenlopende persoonlikhede in die gemeente self. Die vermoë dus om aan te pas by daardie dinge wat jou uitdaag om buite jou verwysingsraamwerk en gemaksone te tree. Trouens, wanneer jy later daarop terugkyk, besef jy gewoonlik dit is grotendeels aan dié gebeure te danke dat groei binne jou plaasgevind het. Dit wissel van besoek aflê in 'n stroper en leer van boerdery; tot besoek aflê by jou lidmaat se winkel en leer van verkope; tot akademiese gesprekke buite die veld van Teologie; en so ten diepste te leer by jou lidmate.

En soos die band van wedersydse vriendskap nog hegter word, gebeur ook spontaan die kosbare dat daardie lidmaat wat al langer 'n gelowige is as wat die jong predikant oud is, uitvra oor die dinge van die lewe wat boekgeleerdheid jou nooit kan leer nie. Skielik sit jonk en oud saam in ons brose menswees voor God, waar ouderdom, ervarenheid en geleerdheid mettertyd in die agtergrond wegkwyn.

Ek reken 'n waardevolle les te leer, nie net vir jong predikante nie, maar vir elkeen, is die perspektief en houding wat ingeneem word voor uitdagings. Dit is merkwaardig dat die meer ervare gemeentelede meermale uitdagings hanteer asof dit gewoon deel uitmaak van die gebeurlikheid van die lewe, terwyl ons meer onervare persone dit benader as uitsonderings op die reël wat hand en tand beveg moet word. Die Kerk het albei nodig: die energie van die onervarene, maar ook die kalmte van die ervare persoon voor uitdagings – uitdagings wat tog altyd daar sal wees. Mag ons altyd raaksien dat die een die ander nodig het, en mekaar ondersteun in ons strewe tot die opbou van die Kerk.

Daarom het ons jong predikante heelwat om vir die Kerk te bied – baie onervarenheid (!) wat, in 'n positiewe lig beskou, duidelik belangrik is vir ons Kerk se eenheid en groei. Só bring ons jong predikante nuwe energie en planne. Ons het nodig dat die gesoute en ervare susters en broers, koel en kalm soos julle is, ons hande sal vat en ons sterk sal maak – as een kerk van die Here Jesus Christus, dinamies vorentoe.

Ds Rudi Janse van Rensburg, Weltevreden

Lief en leed

Oudl Frits Smit

Ds Adriaan Roets

Ds Jan Wilson

Ds Yolandé de Lange

- **Oudl Frits Smit** van Kaapstad (kassier en jarelange lid van die Kommissie van die AKV) is steeds in die hospitaal en word behandel vir akute pankreatitis en nierversaking. Ons bid hom spoedige beterskap toe.

- Ons is dankbaar dat **ds AH (Adriaan) Roets** van Swartkop uit die hospitaal ontslaan is en sy gemeenteverpligtinge kon hervat. Ons bid hom sterkte en beter gesondheid toe.

- Emerituspredikant **ds JF (Jan) Wilson** is al weke lank in die hospitaal en is nou in die intensiewesorgeenheid opgeneem. Ons bid hom beterskap en baie sterkte toe. Ds Wilson het in 2014 siekte-emeritaat aanvaar, en in 2020 emeritaat.

- **Ds WM (Elmien) en Derrick Shaw** van Swartkop se tweelingdogters, Sophia en Alyssa, is op 7 September prematuur gebore. Na verskeie komplikasies begin ds Elmien nou herstel. Sophia, wat met ’n hartkondisie gediagnoseer is, was 32 dae lank in neonatale intensiewe sorg, maar is nou tuis. Alyssa is nou al 48 dae in intensiewe sorg, maar behoort oor ’n week huis toe te kan gaan. Baie sterkte aan ds Elmien, haar man en hul seun Grayson.

- **Die volgende predikante verjaar tot 29 Oktober 2021, en word hartlik geluk gewens:**

  - Donderdag 21 Oktober: Di JD (Jan) Grobler (72) (emeritus) en A (André) Steinmann (28) (Piet Potgieter)
  - Maandag 25 Oktober: Ds CG (Chris) Liebenberg (52) (Hawke’s Bay, Nieu-Seeland)
  - Dinsdag 26 Oktober: Di GSC (Skip) Scheepers (72) (emeritus), HSK (Hennie) Nel (61) (Potgietersrus) en JR (Robert) van Niekerk (31) (Noordelike Pretoria)
  - Woensdag 27 Oktober: Di PM (Pieter) Smith 67 (emeritus) en KF (Kathleen) Smith (61) (Kaapstad)
  - Donderdag 28 Oktober: Ds CEC (Colin) Hertzog (52) (Middelburg-Noord)

Gemeentes en bediening

- **Ds Y (Yolandé) de Lange** (beroepafwagtend) het ’n beroep ontvang na El-Flora.

- Saterdag 16 Oktober het die ringe van Middelburg en Lydenburg verenig as die **nuwe ring van Middelburg**. Al die gemeentes van die oorspronklike twee ringe is deel van die nuwe ring, uitgesluit Marble Hall en Van der Hoff, wat onlangs deel geword het van die ring van Zoutpansberg. Die voorsitter van die nuwe Ringskommissie is ds NJS (Nicolaas) Steenekamp, en die skriba is ds WJM (Willem) Breytenbach.

- Saterdag 16 Oktober het die ringe van Noordelike Pretoria en Pretoria-Noord met al hul gemeentes ook verenig, as die **nuwe ring van Magalies**. Die voorsitters van die nuwe Ringskommissie is ds GF (Frikkie) van Wyk en ds D (David) Barnard, en die skribas is ds LK (Lilian) Erasmus en dr JP (Johan) Bester.

- Woensdag 3 November verenig die ringe van Waterberg, Potgietersrus en Zoutpansberg, waarskynlik as die **nuwe ring van Limpopo**. Meer inligting daaroor sal na die stigtings-vergadering bekend wees.

- Die **e-posadres van Gemeente Eikenhof** het verander. Dit is nou **eikenhofkerk@gmail.com**.

- **Teologiese Opleidingsfonds.** Die jaarlikse **deurkollektes** wat aan die Fonds afgestaan sal word, is dié van **24 en 31 Oktober** vanjaar. Die bydraes vir die Fonds bly verdienstelik, veral in die lig van die besluite van die laaste AKV dat soveel moontlik aan studente bestee moet word. Die bankrekening vir inbetalings is steeds soos volg: ABSA; Teologiese Opleidingsfonds; rekeningnommer 4048632649; takkode 632005.

- **Beoogde komitee vir advies oor voorgestelde wetgewing.** Gemeentes en predikante nader dikwels die Kommissie van die AKV oor die Hervormde Kerk se standpunt wanneer die owerhede nuwe wetgewing oorweeg of voorstel. Die Kommissie van die AKV en die personeel van die Sinodale Dienssentrum beskik in die meeste gevalle nie oor die nodige kundigheid om gemeentes daaroor te adviseer nie, en moet dan op enkele kundiges se knoppie druk om kommentaar te lewer. Dit gebeur dikwels dat hierdie kommentaar binne 'n kort tydsbestek gelewer moet word, wat dit uiteraard vir die betrokke kundiges baie moeilik maak. Daarom versoek ons gemeentes en predikante vriendelik **om regsgeleerdes in u gemeente te nomineer** wat die Kerk met advies oor konsepwetgewing kan bystaan wanneer die situasie daarna vra. Indien ons 'n **Kernkomitee: Kerk en Owerheid** kan saamstel wat die Kommissie van die AKV kan adviseer, kan ons die druk op enkele persone verlig en verseker dat die Kerk steeds goed ingeligte en weldeurdagte kommentaar lewer en so ook aan gemeentes die nodige leiding kan gee. U word vriendelik versoek om die name en kontakinligting van bekwame en gewillige regsgeleerdes **teen Vrydag 29 Oktober 2021** na **karen@nhk.co.za** te stuur.

Vergaderings

- Donderdag 21 Oktober: Raad van Finansies (Begroting)
- Vrydag 22 Oktober: Raad van Finansies

Kerklike publikasies

- Gemeentes word versoek om die besonderhede te verskaf van enige **emerituspredikante en/of predikanteweduwees** in hul geledere, sodat hul komplimentêre eksemplare van die *Almanak/Bybelse Dagboek* saam met die res van die gemeente se bestelling versend kan word. Dui die bestellings asseblief apart aan, byvoorbeeld gemeente x-aantal, emeriti/ predikanteweduwees y-aantal. Stuur die besonderhede asseblief aan mev Sarie Roux by **boekwinkel@nhk.co.za**.

- Daar is nog 'n groot hoeveelheid eksemplare beskikbaar van die huidige ***Almanak/Bybelse Dagboek* (2021)**, teen die **verlaagde prys van R100 elk (versending uitgesluit)**. Die oorspronklike prys was R190 per eksemplaar. Gemeentes kan gerus oorweeg om daarvan aan te koop vir verspreiding aan onder meer tehuise vir bejaardes. Die kosbare boodskappe in die *Bybelse Dagboek* is immers tydloos! Kontak mev Sarie Roux by die Sinodale boekwinkel, by **boekwinkel@nhk.co.za** of 012 322 8885 x3025, om te bestel.

Konserte en feeste

- **Gemeente Horison Roodepoort** bied 'n **Kerslig-sangaand** aan op **Saterdag 27 November om 18:00**. Bekende sanger Mathys Roets tree op in die kerkgebou in Georginiastraat 34, Horison Roodepoort, waarna 'n driegangete in die kerksaal geniet word. Kaartjies beloop **R130 per persoon**. Vir navrae en besprekings, kontak dr Gerhard Nel by 082 8235 074 of **gnel074@gmail.com**.

Toerusting

- Kom gryp saam na 'n reddingsboei
  Van 10:00 tot 13:00 op 9 November 2021
  Geniet 'n middagete daarna
  Aanbieder: Ds Thomas Dreyer
  Kwalifikasies:
  - Grade in Pop-Up-kunde – geen
  - Kenner op die gebied – vir seker nie
  - *Net 'n self-geleerde swemmer in 'n vloeibare tyd*

'n Gedig

ma

in hulle is sy afgelê
aan hulle is sy
onvoorwaardelik toegewy
in hulle is sy volgemaak
en ou-testamenties trots en bly

deur hulle is sy leeggemaak
wakkergemaak skrikgemaak
en swakgemaak

in hulle is sy daglank
naglank al vir soveel jaar
ylings en onuitspreeklik
kwesbaar

Heilna du Plooy
(Uit: *In die landskap ingelyf*, 2003)

Barmhartigheid

- **Gesprek oor diakonale bediening**
  Saterdag 23 Oktober om 09:00
  Gemeente Delmas
  Prof Pieter Kok, ouderling van Oos-Moot
  Bevestig bywoning by dr Martin J van Rensburg
  mvr@nhk.co.za / WhatsApp 083 633 7335
  Zoom-skakel beskikbaar

- **VAKANTE POS: Persoonlike Assistent: Diakonaat.** Aansoeke word ingewag vir hierdie vakante pos. Die suksesvolle kandidaat sal oorwegend vanuit ’n tuiskantoor werk, maar ligging in Pretoria of Krugersdorp en omgewing is nodig vir in-persoon-werksessies en -vergaderings.

  Posbeskrywing
  ’n Persoon met ’n passie vir barmhartigheid word benodig as persoonlike assistent, van wie onder andere verwag word om goeie administratiewe vaardigheid toe te pas in terme van dagboekbestuur, die uitvoer van take oor ’n wye terrein van diakonale werk, skakeling met gemeentes, skakeling met direksies van maatskappye, opstel en versorging van amptelike dokumente, elektroniese liassering en die invoer van transaksies op ’n elektroniese bankplatform. Dit alles moet gedoen kan word via elektroniese kommunikasieplatforms.

  Vereistes
  - Uitstekende administratiewe vaardigheid.
  - Volledige tweetaligheid in Afrikaans en Engels, in gesproke sowel as geskrewe taal.
  - Goeie vaardigheid in die gebruik van Microsoft Word en Outlook.
  - Vaardigheid in ander Microsoft Office-programme word aanbeveel.
  - Vermoë om onafhanklik te werk en goeie tydsbestuur toe te pas.
  - Vermoë om vergaderings te reël en organiseer, sowel via elektroniese platforms as in-persoon-vergaderings.
  - Basiese finansiële vaardigheid ten opsigte van die uitreik van fakture en hantering van transaksies via internetbankdienste.

  Vergoedingspakket
  - Halfdagpos.
  - R8 000 per maand, onderhandelbaar.
  - Addisionele pensioen-werkgewersbydrae.
  - Werk van die huis af, hoewel daar gereis moet word na vergaderings en werksessies soos nodig. Vergoeding vir reiskoste in uitsonderlike gevalle sal met die suksesvolle kandidaat onderhandel word.
  - ’n Skootrekenaar word voorsien, terwyl internetkoste en telefoonkoste vergoed word op grond van onderhandeling met die suksesvolle kandidaat.

  Sluitingsdatum vir aansoeke is **15 November 2021**, met aanstellingsdatum 1 Januarie 2022. CV’s met ’n motiverende skrywe moet gestuur word na **mannekrag@nhk.co.za.**

- **Rata Maatskaplike Dienste** se ***Drive for a Child*-gholfdag** vind op **26 Oktober 2021** by Silver Lakes-gholfbaan in Pretoria plaas. Die fondse wat ingesamel word, is ten bate van elke kind wat tans deur Rata ondersteun en gehelp word.
  Koste: R4 400 (Vierbal) – gholfkarretjies, halfweghuisete, aandete, *goodie bags* ingesluit
  Putjieborg: R2 500
  Vierbal met putjieborg ingesluit: R5 500
  Navrae: Charmaine Fourie **charmaine@rata.org.za** / 071 684 7796

- **NHSV Beurse en lenings 2022.** Die NHSV beskik oor beurse/lenings vir studente in enige studierigting. Slegs lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk kwalifiseer vir die toekennings. Die aansoekvorm kan ***hier*** afgelaai word. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 15 November 2021.**

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein**
  Verblyf vir en versorging van bejaardes en gestremdes
  Enkel- en deelkamergeriewe in ’n huislike atmosfeer
  Verblyf met 3 etes ingesluit
  Verblyf sonder versorging R1 700 per maand
  24-uur-versorging onderhandelbaar
  (maksimum R8 000 per maand deelkamer)
  Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089
  navrae@athalia.co.za
  www.athalia.co.za

- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, het ’n **tweeslaapkamer-woonregeenheid** beskikbaar by Frans Boshoff: Dit is Woonstel 3 teen R485 000. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 vir meer inligting.

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. ’n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord**
  Kieserstraat 126, Rietondale
  Een enkelwoonstel te koop teen R510 000
  Een eenslaapkamerwoonstel te koop teen R515 000
  Een 1½-slaapkamerwoonstel te koop teen R520 000
  Een tweeslaapkamerwoonstel te koop teen R560 000
  Een tweeslaapkamerwoonstel te huur teen R6 500 per maand
  Navrae: Beaulah du Plessis by 082 847 9544
  Seniordalpta@gmail.com

Allegaartjie

“As jy een keer kanker gehad het, you never know when it knocks again ... jy is bewus van: Wat is my nalatenskap as ek nóú uit hierdie vertrek uit stap? Was dit om mense só te verskreeu dat hulle vanaand gaan huil? Was dit om die lug te besoedel? Of wat? Wát is dit wat ek nalaat in iemand se hart? Watse spoor het ek getrap vandag? Was dit ság of swáár?” (Marion Holm, in *Beeld*, 15 Oktober 2021)

Fondsinsamelings

- **Gemeente Oos-Londen: Word ’n affiliaal van Nguni Gifts**
  Verdien 2- tot 7%-kommissie
  Befonds jul gemeente se bediening deur verwysings
  Stuur ’n e-pos of WhatsApp-boodskap om jul gemeente aan te sluit
  larry@nguni-gifts.co.za
  WhatsApp 072 020 8911

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word. *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien ’n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of ’n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit). Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

Gebed vir die week

Here,
my geliefdes vind dit moeilik
om as ’n familie te verenig.
Ons beur elkeen in uiteenlopende rigtings.
Ek smeek U, Heer,
bring ons weer bymekaar soos dit hoort.
Gee ons die krag om op mekaar staat te maak,
en veral,
om op U te vertrou.
Ek bid vir elke lid van ons familie.
Help elkeen van ons individueel,
en help ons as ’n familie.
Ek vra dit in u Naam.
Amen.

www.happierhuman.com/prayers-family/

(Afrikaanse weergawe: Tessa Oppermann)

Redakteur:	Ds Willem Sauer
Subredakteurs:	Ds Etienne Fourie en dr Johan van Staden
Koördineerder:	Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar:	Mnr Hugo van Niekerk